# 13 Julie 2023 - Lesing 73 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Daaglikse aanroep van die Naam JaHshua – 25/6/58

**NO: 7129** Met My en in My Naam moet julle elke dag begin en met elke taak 'n begin maak, dit wil sê, julle daaglikse take vervul en julle sal ook seker daarvan wees dat julle geseënde werk sal verrig, hetsy aardse of geestelike werksaamheid.

Sodra julle egter alleen gaan, dit wil sê, sonder om My bystand te gevra het, sal julle heelwat vergeefse arbeid verrig. Julle sal met probleme te make kry, of julle werk sal nie altyd suksesvol wees nie.

Slegs 'n innige gedagte aan My verseker My hulp en bystand aan julle. En as julle My bewustelik aanroep om seën en ondersteuning, dan sal alles vanself gebeur wat vir julle goed sal wees en julle sal julle dagtaak in kalmte kan volbring.

Julle sal steeds moet weet dat julle lastig geval sal word deur duistere kragte, wat steeds tot julle toegang kan verkry, wanneer julle versuim om 'n beskermende muur om julle heen te vorm deur die aanroep van My Naam, deur op My 'n beroep te doen om julle werke te seën.

En sodra hulle (duistere kragte) eenmaal tot julle deurgedring het, dan sal dit heelwat moeiliker wees om hulle weer van julle af weg te hou as sou julle hul toegang aanvanklik belet het. Want hulle verswak julle wil, wat dan slegs met inspanning van alle kragte kan inhaal wat versuim was: **Om My aan te roep om hulp**.

Die stryd om julle siele word voortdurend gestry en dikwels word vir julle die oorwinning moeilik gemaak deur die duistere kragte. **Maar dit lê dan dikwels by julleself,** omdat julle onbeperkte krag kan vra en dit steeds moet doen deur innige gebed vir My leiding, My beskerming en My seën.

**Dit is waarom julle nooit julle daaglikse werk sonder My moet begin nie.**

In julle hart moet julle My Naam aanroep, vra om versterking van julle wil en gee julleself ten volle aan My oor. Dan kan Ek julle ook beskerm teen die vyand van julle siel, dan sal tallose ligwesens om julle heen wees en die ander toegang belet, dan sal julle bly en sorgeloos julle daaglikse werk verrig vanuit die gevoel van krag en innerlike vrede. En dan sal niks julle meer kan ontstel nie, omdat julle weet dat Ek steeds by julle teenwoordig is en alles vir julle sal reël.

Die innerlike verbinding met My is die beste waarborg om al julle planne te laat slaag, hetsy in aardse of geestelike aangeleenthede, want dan kan Ek steeds self op julle inwerk en julle gedagtes en handelinge so stuur dat dit vir julle korrek en nuttig sal wees.

Maar sodra julle julleself van My afsonder, sodra julle die band losser maak, sal ook ander gedagtes, wat deur My teenstander aan julle toegestuur word, heerskappy oor julle verkry. Gedagtes wat julle innerlike vrede ontneem, wat julle onrustig sal maak en steeds bose kragte toegang verleen wat nou die werk van innerlike ontwrigting en disharmonie sal voortsit, sodat ook julle daaglikse arbeid nie geseënd sal wees nie en julle siel haarself in gevaar sal bevind om deur hom gekluister te word.

En wederom sal julle julleself slegs uit so 'n gevaar kan bevry, wanneer julle jul toevlug neem tot My, want Ek is te alle tye bereid om julle by te staan in julle geestelike nood. Maar sonder My kan julle julleself nie van hom en sy invloed bevry nie, sonder My is julle te swak en daarom aan hom oorgelewer.

Maar aan al sulke benouenisse sal julle kan ontsnap wanneer julle julleself steeds weer aan My beskerming oorgee, wanneer julle steeds vir My seën vra, wanneer julle My vir julle liggaamlike en geestelike welsyn aanbeveel en nooit versuim om My Naam aan te roep nie en julle My daardeur openlik in JaHshua Messias bely.

Dan rig julle 'n muur op wat My teenstander nie sal kan laat ineenstort nie, want hy vlug vir My en My Naam en so sal hy julle ook met rus laat **wanneer julle maar gelowig My Naam uitspreek in elke nood en elke gevaar**. Amein.

Boek van Herinnering (direkte transliterasie uit die Hebreeuse Biblica Hebraica)

***Psalm 91:14*** *Omdat Hy My liefhet, daarom sal Ek Hom red; Ek sal Hom beskerm,* ***omdat Hy My Naam ken****.*

***15 Hy sal My aanroep****, en Ek sal Hom verhoor; in die nood sal Ek by Hom wees; Ek sal Hom uitred en Eer aan Hom gee.*

Die Afrikaanse Nuwe Vertaling (ook veronderstel vanuit Biblica Hebraica)

***Psalm 91:14*** *"Omdat hy My liefhet, sal Ek hom red," sê die Here, "****omdat hy My ken****, sal Ek hom beskerm.*

*15 Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor;*

*in sy nood sal Ek by hom wees, Ek sal hom red en hom in sy eer herstel.*